


# *Inhoud*


|  |            |
|--|------------|
| Dankbetuigings .....   | ii         |
| Voorwoord.....   | iii        |
| <b>HOOFSTUK 1 .....</b>                                      | <b>1</b>   |
| Toonhoogte en ritme .....                                    | 1          |
| <b>HOOFSTUK 2 .....</b>                                      | <b>10</b>  |
| Tydmaattekens en groepering.....                             | 10         |
| <b>HOOFSTUK 3 .....</b>                                      | <b>22</b>  |
| Toonsoorte .....   | 22         |
| <b>HOOFSTUK 4 .....</b>                                      | <b>31</b>  |
| Toonlere .....   | 31         |
| <b>HOOFSTUK 5 .....</b>                                      | <b>40</b>  |
| Intervalle.....  | 40         |
| <b>HOOFSTUK 6 .....</b>                                      | <b>47</b>  |
| Drieklanke .....   | 47         |
| <b>HOOFSTUK 7 .....</b>                                      | <b>53</b>  |
| Algemene harmonie-reëls .....                                | 53         |
| <b>HOOFSTUK 8 .....</b>                                      | <b>72</b>  |
| Melodieskryf .....   | 72         |
| <b>HOOFSTUK 9 .....</b>                                      | <b>92</b>  |
| Die kadensiële sesvierakkoord en die dominantvierklank ..... | 92         |
| <b>HOOFSTUK 10 .....</b>                                     | <b>101</b> |
| Deurgangsakkoorde en leitoonprogressies .....                | 101        |
| <b>HOOFSTUK 11 .....</b>                                     | <b>110</b> |
| Vormontleding .....  | 110        |
| <b>HOOFSTUK 12 .....</b>                                     | <b>120</b> |
| Terme, tekens en versierings .....                           | 120        |
| <b>BIBLIOGRAFIE .....</b>                                    | <b>130</b> |
| <b>BYLAAG .....</b>  | <b>131</b> |
| Assesseringskaart.....                                       | 131        |

## AKTIWITEIT 1.1

Skryf ten minste tien tenoorsleutels op die volgende notebalk.



### ii) Toonhoogtes van die tenoorsleutel



Voorbeeld 1.4


Om die lettername maklik te onthou, kan daar aan die G-sleutel se lettername gedink word asof hulle een toonhoogte hoër geskryf is (Voorbeeld 1.5). Onthou egter dat hierdie twee C's in werklikheid 'n oktaaf verskil.








Voorbeeld 1.5

## AKTIWITEIT 1.2


Skryf onder elke noot sy letternaam.




| Enkelvoudige tyd       |   |   |   |
|------------------------|---|---|---|
| Onreëlmatige nootgroep | Notasie   | Beskrywing  |   |
| Triool                 |  | 3 note in die tyd van 2 note van dieselfde waarde |   |
| Kwintool               |  | 5 note in die tyd van 4 note van dieselfde waarde |   |
| Saamgestelde tyd       |   |   |   |
| Onreëlmatige nootgroep | Notasie   | Wyse van uitvoering 1                             | Wyse van uitvoering 2                             |
| Duool                  |  | 2 note in die tyd van 1 noot van dieselfde waarde | 2 note in die tyd van 3 note van dieselfde waarde |
| Triool                 |  | 3 note in die tyd van 2 note van dieselfde waarde |   |
| Kwintool               |  | 5 note in die tyd van 3 note van dieselfde waarde | 5 note in die tyd van 6 note van dieselfde waarde |

Tabel 1.2

'n Onreëlmatige nootgroep se nootwaardes kan saamgevoeg word (Voorbeeld 1.6) of uit 'n kombinasie van note en rustekens bestaan (Voorbeeld 1.7).



Voorbeeld 1.6




Voorbeeld 1.7

## AKTIWITEIT 1.6

Voltooi die volgende voorbeelde deur die aangeduide onreëlmatige nootgroepe in te vul:


♩ = 60

Triool      Triool      Triool



♩ = 60

Triool      Triool      Triool      Triool      Triool





## HOOFSTUK 2

# Tydmaattekens en groepering

Al voorgeskrewe tydmaattekens is reeds in vorige grade behandel en is in Tabel 2.1 opgesom.

| Enkelvoudige tydmaattekens                                |          |          |             |          | Saamgestelde tydmaattekens                                    |          |          |
|---|----------|----------|-------------|----------|---|----------|----------|
| 'n Maatslag is gelyk aan 'n "enkel" nootwaarde: ♩, ♪ of ♫ |          |          |             |          | 'n Maatslag is gelyk aan 'n gepunteerde nootwaarde: ♩, ♪ of ♫ |          |          |
| Reëlmatig   |          |          | Onreëlmatig |          | Tweeslag  | Drieslag | Vierslag |
| Tweeslag  | Drieslag | Vierslag | Vyfslag     | Seweslag |   |          |          |
| –   | 3<br>8   | 4<br>8   | 5<br>8      | 7<br>8   | 6<br>16   | 9<br>16  | 12<br>16 |
| 2<br>4  | 3<br>4   | 4<br>4   | ♩           | 5<br>4   | 6<br>8  | 9<br>8   | 12<br>8  |
| 2<br>2  | ♩        | 3<br>2   | 4<br>2      | ♩        | –   | –        | –        |





Tabel 2.1

### AKTIWITEIT 2.1

Skryf 'n gepaste tydmaatteken vooraan elkeen van die volgende mate:

## AKTIWITEIT 2.4

Voltooi die volgende mate met korrek gegroepede note en rustekens. Sluit die gebruik van onreëlmatige nootgroepe in.



## AKTIWITEIT 2.5


Omkring 11 voorbeelde van sinkopasie.



### 3.5 Transponerende instrumente

Transposisie en transponerende instrumente is reeds in vorige grade behandel. Die werk onder hierdie afdeling is 'n opsomming daarvan.

Meeste van die transponerende instrumente klink laer as wat hulle musiek genoteer is. As gevolg hiervan word transponerende instrumente se musiek hoër genoteer sodat dit op die werklike toonhoogte (konsertstemming) klink (Voorbeeld 3.3 en Voorbeeld 3.4). Die interval van transposisie word deur die transponerende instrument bepaal (Tabel 3.1).



Voorbeeld 3.3 Transposisie van 'n klarinet in B $\flat$

Voorbeeld 3.4

| Instrument                | Interval tussen konsertstemming en notasie |   |
|---------------------------|--|---|
| Klarinet in A             | C – E $\flat$                              | Mineur tert   |
| Klarinet in B $\flat$     | C – D                                      | Majeur sekunde                                      |
| Horing in B $\flat$       | C – D                                      | Majeur sekunde                                      |
| Horing in F               | C – G                                      | Volmaakte kwint                                     |
| Trompet in B $\flat$      | C – D                                      | Majeur sekunde                                      |
| Trompet in F              | C – G                                      | Volmaakte kwint                                     |
| B $\flat$ sopraansaxofoon | C – D                                      | Majeur sekunde                                      |
| E $\flat$ altsaxofoon     | C – A                                      | Majeur sekst  |
| Piccolo                   | C – C                                      | 'n Volmaakte oktaaf laer genoteer as wat dit klink. |
| Kontrabas                 | C – C                                      | 'n Volmaakte oktaaf hoër genoteer as wat dit klink. |


Tabel 3.1

### AKTIWITEIT 3.6


Herskryf die volgende voorbeelde wat in konsertstemming is vir die aangeduide transponerende instrumente. Skryf met toonsoortteken.




Horing in F (volmaakte kwint hoër)



Klarinet in A (mineur terts hoër)



Trompet in B<sup>b</sup> (majeur sekunde hoër)




### AKTIWITEIT 3.7


Herskryf die volgende voorbeelde in konsertstemming (KS):




Piccolo na KS (volmaakte oktaaf laer)




E<sup>b</sup> saxofoon na KS (majeur sekst laer)



Trompet na KS (volmaakte kwint laer)



Klarinet in A na KS (mineur terts laer)



# HOOFSTUK 4

## Toonlere




Hierdie hoofstuk dien as hersiening van toonlere wat in die vorige grade behandel is. Tabel 4.1 is 'n opsomming van die eienskappe van die verskillende toonlere.


| Tegniese name van toontrappe   |
|--|
| <p>1 2 3 4 5 6 7 8<br/>Tonika Super-tonika Mediant Sub-dominant Dominant Sub-mediant Leitoon Tonika</p>  |
| <b>Majeur</b>  |
| <p>⇒ Halfnote tussen die 3<sup>de</sup> en 4<sup>de</sup>, asook die 7<sup>de</sup> en 8<sup>ste</sup> toontrappe.</p>   |
| <b>Natuurlike mineur (Eoliese modus)</b>   |
| <p>⇒ Mineur toonleer sonder enige chromatiese wysigings.<br/>⇒ Halfnote tussen die 2<sup>de</sup> en 3<sup>de</sup>, asook die 5<sup>de</sup> en 6<sup>de</sup> toontrappe.</p>  |
| <b>Harmoniese mineur</b>   |
| <p>⇒ Die leitoon word verhoog. (Die verhoogde leitoon is 'n chromatiese noot.)<br/>⇒ Halfnote tussen die 2<sup>de</sup> en 3<sup>de</sup>, die 5<sup>de</sup> en 6<sup>de</sup>, asook die 7<sup>de</sup> en 8<sup>ste</sup> toontrappe.</p>   |
| <b>Melodiese mineur</b>  |
| <p><b>Opgaande toonleer</b><br/>⇒ Die 6<sup>de</sup> en 7<sup>de</sup> toontrap word verhoog. (Hierdie is chromatiese note.)<br/>⇒ Halfnote tussen die 2<sup>de</sup> en 3<sup>de</sup>, asook die 7<sup>de</sup> en 8<sup>ste</sup> toontrappe.</p> <p><b>Afgaande toonleer</b><br/>⇒ Die 6<sup>de</sup> en 7<sup>de</sup> toontrap word herstel tot hul oorspronklike toonhoogte (indien hulle verhoog was in die opgaande toonleer).<br/>⇒ Halfnote tussen die 2<sup>de</sup> en 3<sup>de</sup>, asook die 5<sup>de</sup> en 6<sup>de</sup> toontrappe.</p> |




Die opgaande blues toonleer op  $A\flat$  in die altsleutel. Skryf die toonleer sonder toonsoortteken.




Die opgaande pentatoniese toonleer op  $G\flat$  in die altsleutel. Skryf die toonleer sonder toonsoortteken.




Die opgaande Eoliese modus op  $D\sharp$  in die tenoorsleutel. Skryf die toonleer met toonsoortteken. Gebruik die gegewe ritmiese patroon.




Die melodiese mineur waarin die volgende tetrachord<sup>1</sup> voorkom. Skryf die toonleer afgaande in die bassleutel. Skryf sonder toonsoortteken.



Die afgaande blues toonleer op D in die tenoorsleutel. Skryf met toonsoortteken. Gebruik enige enkelvoudige tweeslagmaat. Gebruik jou eie ritme.



Die afgaande Frigiese  $\sharp 3$  modus op A in die sopraansleutel. Skryf die toonleer sonder toonsoortteken.



<sup>1</sup> Die woord "tetrachord" beteken vier toonhoogtes. Elke majeur –en mineurtoonleer kan eweredig in twee dele verdeel word: Toontrap 1-4 (eerste tetrachord) en toontrap 5-8 (tweede tetrachord). Die tweede tetrachord van elke majeuretoonleer word die eerste tetrachord van die volgende majeuretoonleer in die kwintsirkel.

# HOOFSTUK 5


## Intervalle

Die opsomming hieronder is 'n uiteensetting van alles rakende intervale wat in vorige grade behandel is.

### OPSOMMING

#### 5.1 Kwaliteit van intervale

Intervalle word in twee groepe verdeel en is as volg:



Tabel 5.1

#### 5.2 Saamgestelde intervale (intervalle groter as 'n oktaaf)

Saamgestelde interval (byvoorbeeld, 10) – 7 = ekwivalente enkelvoudige interval (3)

Dus, die ekwivalente enkelvoudige interval van 'n **tiende** is 'n **terts**

Voorbeeld 5.1

### AKTIWITEIT 5.1

Skryf die volgende intervale bokant die gegewe note:

## AKTIWITEIT 5.2 (VERVOLG)

Rein twaalfde Mineur terts Majeur negende Rein vyftiende Majeur septiem

Majeur veertiende Rein unisoon Vergrote kwart Mineur sekst Volmaakte kwint

Majeur negende Mineur veertiende Rein elfde Majeur terts Mineur sekst

Vergrote kwint Rein oktaaf Vergrote kwart Mineur tiende Majeur dertiende

## AKTIWITEIT 5.3

Skryf die gevraagde intervalle onder die gegewe note. Voltooi elke interval deur die ontbrekende noot op die leë notebalk.

Volmaakte priem Mineur tiende Majeur sekunde Rein priem Majeur sekst

## 6.1.2 Opsomming van die verskillende posisies van drieklanke

| Grondposisie                 | Eerste omkering                               | Tweede omkering                               |
|------------------------------|---|---|
| Die grondnoot is in die bas. | Die derde bokant die grondnoot is in die bas. | Die vyfde bokant die grondnoot is in die bas. |
| <br>G: I                     | <br>G: I <sup>6</sup> (Ib)                    | <br>G: I <sup>6</sup> <sub>4</sub> (Ic)       |

Tabel 6.3

## 6.2 Akkoordsimbole

Daar is verskeie alternatiewe wyses waarop besyfering aangedui kan word. Van hierdie wyses is in Tabel 6.4 uiteengesit. Jy kan enige metode gebruik, maar y moet egter konstant by een van hierdie wyses hou.

| Akkoordtype                                   | Akkoordsimbool                     | Eerste omkering                          | Tweede omkering                          |
|---|------------------------------------|--|--|
| Majeur, bv. tonika drieklank in C majeur      | C                                  | C/E                                      | C/G                                      |
| Mineur, bv. tonika drieklank in C mineur      | Cm                                 | Cm/E                                     | Cm/G                                     |
| Vergroot, bv. mediant drieklank in A mineur   | C <sup>aug</sup> of C <sup>+</sup> | C <sup>aug</sup> /E of C <sup>+</sup> /E | C <sup>aug</sup> /G of C <sup>+</sup> /G |
| Verminderd, bv. leitoon drieklank in C majeur | B <sup>dim</sup> of B <sup>°</sup> | B <sup>dim</sup> /D of B <sup>°</sup> /D | B <sup>dim</sup> /F of B <sup>°</sup> /F |

Tabel 6.4


### AKTIWITEIT 6.1

Besyfer die volgende drieklanke in die majeur toonsoorte waarvan die toonsoortteken gegee is. Die eerste een is as voorbeeld voltooi.


C: I<sup>6</sup>

### AKTIWITEIT 6.2


Skryf die volgende drieklanke met toonsoortteken:



B<sup>b</sup>: I d<sup>#</sup>: i<sup>6</sup><sub>4</sub> b: ii<sup>o6</sup> E<sup>b</sup>: ii e: VI<sup>6</sup>



G: IV<sup>6</sup><sub>4</sub> a: i C<sup>#</sup>: iii<sup>6</sup> f: ii<sup>o6</sup> C<sup>2</sup>: IV<sup>6</sup><sub>4</sub>




c: V F<sup>#</sup>: vi<sup>6</sup> g: vii<sup>o6</sup> F: V<sup>6</sup><sub>4</sub> D: vi<sup>6</sup>

### AKTIWITEIT 6.3

Skryf die volgende drieklanke sonder toonsoortteken:



e<sup>b</sup>: III<sup>+</sup> A: iii g<sup>#</sup>: V<sup>6</sup><sub>4</sub> d: ii<sup>o6</sup> B: IV<sup>6</sup>



D: I<sup>6</sup> C: vii<sup>o6</sup> a<sup>#</sup>: i<sup>6</sup><sub>4</sub> G<sup>b</sup>: vi E: V<sup>6</sup><sub>4</sub>



a<sup>b</sup>: iv f<sup>#</sup>: VI<sup>6</sup> D<sup>b</sup>: V<sup>6</sup><sub>4</sub> b<sup>b</sup>: ii<sup>o6</sup> c: i

## HOOFSTUK 7

# Algemene harmonie-reëls



### 7.1 Kadense

Sommige kadense is reeds in Graad 11 behandel en die volgende dien as opsomming daarvan:

- Kadense is ruspunte in musiek soos wat kommas en punte ruspunte in letterkunde is. Dit kom aan die einde van frases en komposisies voor.
- Daar is vier verskillende kadense (die majeur besyfering word in die meeste voorbeelde gebruik):

- |   |                                    |
|---|------------------------------------|
| ○ Outentieke (volmaakte) kadens (V – I) | ] Klink voltooid<br>(soos punt)    |
| ○ Plagale kadens (IV – I)               |                                    |
| ○ Onvolmaakte kadens (I – V)            | ] Klink onvoltooid<br>(soos komma) |
| ○ Onderbroke kadens (V – vi)            |                                    |

i)                      ii)                      iii)                      iv)

C:  $\underline{V \quad I}$                        $\underline{IV \quad I}$                        $\underline{I \quad V}$                        $\underline{V \quad vi}$

Volmaakte kadens                      Plagale kadens                      Onvolmaakte kadens                      Onderbroke kadens

Voorbeeld 7.1

- Kadense moenie deur die tweede akkoord van die kadens voorafgegaan word nie, byvoorbeeld I – V – I. Die enigste keer wanneer dit toelaatbaar is, is in die geval van die kadensiële sesvierakkoord wat in Hoofstuk 9 bespreek word.

## AKTIWITEIT 7.5

Voltooi en besyfer die volgende voorbeelde vierstemmig. Slegs die note wat met die besyfering ooreenstem, moet geharmoniseer word. Die ander is akkoordvreemde note. Maak van 'n geskikte kadens by elke frase-einde gebruik.

EPH

C: IV I V<sub>4</sub><sup>6</sup> I<sub>6</sub> V I<sub>6</sub> I<sub>4</sub><sup>6</sup> V I

EPH

C#: i iv vii<sup>6</sup> i iv V i

EPH

g: i iv V VI iv V i

### 7.4 Harmoniese ritme

In harmonie staan die verandering van akkoorde en die tempo waarteen hulle verander as die **harmoniese ritme** bekend. Wanneer daar gereelde akkoordverandering plaasvind, is die harmoniese ritme vinnig. Die ritme, tempo en styl van 'n komposisie speel 'n belangrike rol in die bepaling van harmoniese ritme.

## Memorandum: Aktiwiteit 8.1

Daar is 'n goeie kans dat jy bepaalde antwoord gegee het. Die rede waarom sekere voorbeeld(e) beter as ander klink, word in Tabel 8.1 verduidelik.

|       |  |  |
|-------|--|--|
| 8.1.1 |  |  |
|       | <b>Goed</b> – hoofsaaklik trapsgewys.  |  |
| 8.1.2 |  |  |
|       | <b>A</b> – opeenvolgende spronge klink gewoonlik nie goed nie (behalwe in die geval van 'n arpeggio).  |  |
| 8.1.3 |  |  |
|       | <b>B</b> – vermy 'n sprong van 'n sewende.   |  |
| 8.1.4 |  |  |
|       | <b>A</b> – note herhaal nie te veel nie.   |  |
| 8.1.5 |  |  |
|       | <b>B</b> – 'n oktaaf-sprong los trapsgewys, in die teenoorgestelde rigting, op.  |  |
| 8.1.6 |  |  |
|       | <b>B</b> – leitoon beweeg trapsgewys vanaf –en na die tonika. (Die leitoon kan ook na ander noot van dominantakkoord spring en dan na tonika oplos.)<br><b>EN</b> interval van vergrote kwart/verminderte vyfde (tritonus) moet vermy word, tensy dit bevredigend klink, byvoorbeeld in afwaartse sprong vanaf subdominant na leitoon, gevolg deur tonika-oplossing. |  |
| 8.1.7 |  |  |
|       | <b>A</b> – trapsgewyse beweging gevolg deur sprong in teenoorgestelde rigting.<br><b>EN</b> die noot voor –en na groot sprong lê binne sprong se omvang.   |  |
| 8.1.8 |  |  |
|       | <b>A</b> – melodie eindig op die tonika.   |  |




Tabel 8.1






### AKTIWITEIT 8.3

Voltooi en fraseer die volgende melodieë vir die instrument van jou keuse. Skryf die melodieë deur jou instrument te gebruik. Bring sinvolle artikulasie en dinamiek aan.




Allegro



Allegretto



Andante





## HOOFSTUK 9

# Die kadensiële sesvierakkoord en die dominantvierklank

### 9.1 Die kadensiële sesvierakkoord

Soos reeds vroeër van melding gemaak is, moet akkoorde in tweede omkering spaarsamig gebruik word. Een van die kere wat 'n akkoord in tweede omkering gebruik kan word, is in die geval van 'n kadensiële sesvierakkoord.

'n Kadensiële sesvierakkoord dien as versiering van 'n kadens. Daar is twee akkoorde wat hierdie funksie kan verrig:  $IV_4^6$  ( $iv_4^6$ ) en  $I_4^6$  ( $i_4^6$ ). Hulle los na spesifieke akkoorde op. Tabel 9.1 sit die gebruik van die kadensiële sesvierakkoord uiteen – die majeur besyfering word as voorbeeld gebruik:

|                       |                        |
|-----------------------|------------------------|
| $I_4^6 \rightarrow V$ | $IV_4^6 \rightarrow I$ |
|-----------------------|------------------------|

Tabel 9.1

Die kadensiële sesvierakkoord los op 'n akkoord in grondposisie, met dieselfde basnoot, op. Dit kom op 'n sterk maatslag of sterker deel van 'n maatslag voor. Normaalweg daal twee stemme trapsgewys en twee stemme bly op dieselfde noot (Voorbeeld 9.1). 'n Goeie aanduiding vir die gebruik van 'n kadensiële sesvierakkoord, is wanneer daar 'n lang dominant-noot in die bas of 'n lang tonika-noot in òf die bas òf die sopraan voorkom:

|    |                     |
|----|---------------------|
| i) | ii)                 |
|    |                     |
| C: | $I_4^6$ V I         |
|    | IV $V^6$ $IV_4^6$ I |

Voorbeeld 9.1

- 'n Kadensiële sesvierakkoord kan voor –of in die middel van 'n kadens gebruik word indien hy voorafgegaan word deur een van die volgende:
  - trapsgewyse beweging in die bas vanaf 'n akkoord in eerste omkering.

## HOOFSTUK 10

### Deurgangsakkoorde en leitoonprogressies



'n Deurgangsakkoord is 'n akkoord wat tussen twee hoofakkoorde voorkom. Saam, word hierdie akkoorde 'n deurgaande progressie genoem. Hierdie progressies kan op enige geskikte plek in 'n frase of voor 'n kadens waar sekere note teenwoordig is, gebruik word. Die middelste akkoord val op 'n swak maatslag en gevolglik kom hierdie progressie meestal binne in 'n maat voor (Voorbeeld 10.1).

#### 10.1 Die deurgaande sesvierprogressies


Hierdie progressies bied nog 'n plek waar 'n akkoord in tweede omkering in harmonie geskryf kan word. Alhoewel deurgangsakkoorde in beide majeur –en mineur toonsoorte voorkom, word die majeur besyfering deurgaans as voorbeeld in hierdie hoofstuk gebruik. Alhoewel note in hierdie progressies vrylik geharmoniseer kan word, is dit raadsaam om van sekere patrone gebruik te maak. Dit vergemaklik harmonisering en skakel onnodige foute uit. Daar is twee tipes deurgaande sesvierprogressies.

##### 10.1.1 I – V<sub>4</sub><sup>6</sup> – I<sup>6</sup> of vice versa

Hierdie progressie word deur die volgende opeenvolging van toontrappe gekenmerk (verwys ook na Voorbeeld 10.1):

- 1 – 2 – 3
- 3 – 2 – 1
- 5 – 5 – 5
- 8 – 7 – 8

Een van hierdie toontrapopeenvolgings moet in die bas geskryf word. Dit word deur óf die besyfering óf die gegewe note of beide bepaal.



C: I V<sub>4</sub><sup>6</sup> I<sup>6</sup> I<sup>6</sup> V<sub>4</sub><sup>6</sup> I

Voorbeeld 10.1

C: I vii<sup>°6</sup> I<sup>6</sup> I<sup>6</sup> vii<sup>°6</sup> I

Voorbeeld 10.3



### AKTIWITEIT 10.1

Voltooi die volgende deurgaande progressies vierstemmig:

a: i V<sub>4</sub><sup>6</sup> i<sup>6</sup> g: i<sup>6</sup> vii<sup>°6</sup> i b: i V<sub>4</sub><sup>6</sup> i<sup>6</sup>



A: I<sup>6</sup> V<sub>4</sub><sup>6</sup> I a: iv i<sub>4</sub><sup>6</sup> iv<sup>6</sup> D: I vii<sup>°6</sup> I<sup>6</sup>

## HOOFSTUK 12

# Terme, tekens en versierings

Terme wat algemeen in musiek voorkom, word in hierdie hoofstuk uiteengesit. Dit is belangrik om met die terme vertrouwd te wees, aangesien dit bydra tot die korrekte vertolking van musiek.

### 12.1 Terme en tekens

| Term            | Afkorting / teken   | Taal <sup>4</sup> | Betekenis                  |
|-----------------|---|-------------------|----------------------------|
| <b>Dinamiek</b> |   |                   |                            |
| con forza       |   | I                 | met krag                   |
| crescendo       | cresc./    | I                 | geleidelik harder          |
| decrescendo     | decresc./  | I                 | geleidelik sagter          |
| diminuendo      | dim./dimin.   | I                 | geleidelik sagter          |
| forte           | f   | I                 | hard                       |
| fortepiano      | fp  | I                 | hard en dan dadelik sag    |
| fortissimo      | ff  | I                 | baie hard                  |
| marcato         | marc.   | I                 | beklemtoon                 |
| mezzo forte     | mf  | I                 | half hard                  |
| mezzo piano     | mp  | I                 | half sag                   |
| pianissimo      | pp  | I                 | baie sag                   |
| piano           | p   | I                 | sag                        |
| rinforzando     | rf/rfz/rinf.  | I                 | beklemtoon                 |
| rinforzato      | rf/rfz/rinf.  | I                 | beklemtoon                 |
| sforzando       |   | I                 | beklemtoon                 |
| sforzando-piano | sfp   | I                 | hard en dan dadelik sag    |
| sforzato        | sf./sfz.  | I                 | beklemtoon                 |
| smorzando       | smorz.  | I                 | wegsterwend                |
| <b>Tempo</b>    |   |                   |                            |
| a tempo         |   | I                 | in die oorspronklike tempo |
| accelerando     | accel.  | I                 | geleidelik vinniger        |

<sup>4</sup> I = Italiaans    D = Duits    L = Latyn    F = Frans    A = Afrikaans